# Op pad na Bredasdorp




**Op die foto is vlnr: mnre Bartell Schutte (Big Creek Spur), Altus Smit (afrigter), Wessel Wessels (spanbestuurder en tegniese adviseur), Rossouw Jordaan (onderkaptein), Johan van der Merwe (kaptein), Chris Basson (Nashua Mobile) en Leon Labuchagne (MMR Finansiële Dienste).**
**Dié manne het verskeie items vir die O/16 rugbyspan van Hoërskool Vredendal geborg. Die span het op Woensdag, 16 Julie na Bredasdorp vertrek om aan 'n rugby toernooi te gaan deelneem.**

**Foto: Anja van der Westhuizen**

# Kotze tweeling binnekort op Top Billing



**Tydens verfilming van die Top Billing insetsel, die tweeling saam met Jeannie D in Matzikama Gimnasium.**

**VREDENDAL:** Maak nie saak waar jy kyk nie, orals sien jy die sexy K2-Twins.
Alex en Charlie (Charle) Kotze bekend as die K2-Twins is 'n tweeling van Vredendal wat onlangs opslae gemaak het in verskeie koerante. Die "K" staan vir Kotze en die "2" vir tweeling.
Dié twee Kotze broers het in 2010 aan Hoërskool Vredendal matrikuleer en boer tans saam met hul pa op Akkerdal met wingerd, groente en skaap. Johan Stephan, 'n TV vervaardiger het Alex en Charlie genader om model werk te begin doen en Desember verlede jaar het die broers saam besluit om die uitdaging met beide hande aan te gryp. Die eerste stap was om 'n profiel te skep op sosiale media soos Facebook, Twitter en Instagram sodat hulle raak gesien kan word. "Dit blyk suksesvol te wees aangesien hul "following" op hierdie platforms aansienlik gegroei het in die afgelope drie maande nadat hulle die profiele geskep het" aldus Johan Stephan.
Top Billing het verlede week, Maandag en Dinsdag 'n insetsel oor die K2-Twins in Vredendal kom verfilm. Dit is nog onseker wanneer die insetsels uitgesaai gaan word.
Die insetsels word deur die sprankelende vroulike aanbieder, Jeannie D aangebied en is daarop gemik om te wys waar die tweeling groot geword het en waar hul boer. In die insetsel wys die tweeling wat persone moet doen om gesond te leef en goed te lyk. Hulle wys die publiek waarvan hul hou om te eet en hoe hul oefen.
Die tweeling sal 25 Julie te sien wees by die Mercedes-Benz SA Fashion Week te Kaapstad waar hul saam met ander bekendes sal deelneem.
Hulle was al op verskeie TV-programme. Volgens Johan is daar 'n TV reeks vir KykNet in die pyplyn wat in Januarie 2015 begin verfilm word.
Die toekoms sluit verdere model werk in, maar die tweeling wil graag hul eie besigheid bedryf en persone help om gesonder te leef asook om lewensadvies te verskaf wat 'n gesonde dieet en baie oefeninge behels.



**Jeannie D, Top Billing aanbieder saam met Alex en Charlie Kotze op die plaas Akkerdal.**


**VREDENDAL** *Eiendomme*

**TE HUUR: Amanda 082 945 5050**

**VDAL:** 2 Slpk wnstl 3km buite dorp @ R3200
**VDAL :** 2 Slpk wnstl buite dorp meubileerd @ R5800
**VDAL:** Sentraal geleë kantoor 91,4m$^2$ @ R4872.13
**VDAL:** Bachelor woonstel @ R1920
**VDAL:** 3 slpk huis 3km buite dorp @ R5260 water ing
**VDAL:** 2 slpk wnstl @ R3288 water ing
**VDORP:** 3 slpk, 2 bdk, 2 tandem garages @ R4700
**KLW:** 2 slpk wnstl buite dorp @ R3000 water ing
**KLW:** 3 slpk huis met ingeboude kaste @ R4300

**TE KOOP: Tienie 082 568 5394**

**VDAL:** 3 slpk met binne braai @ R1 295 000
**VDAL:** Ruim 4 slpk met sbad @ R1 260 000
**VDAL:** 3 slpk met woonstel @ R1 300 000 (o.h.b.)
**VDAL - Suid:** Industrieële erf 1494 m$^2$ @ R180 000
**VDAL:** 4 slpk met sbad @ R1 450 000
**VDAL Noord:** 3 Industrieële store @ R630 000
**KLW:** Erf 940 m$^2$ @ R80 000
**KLW:** 3 slpk huis @ R420 000
**VDORP:** 3 slpk huis @ R631 000



**De Keur**
SENTRUM • CENTRE
VREDENDAL

**U hoef nie te ver te ry nie, dié sentrum is reg in die middel van die dorp.**
**Die tuiste van:**

- Superspar vir al u kruideniersware, deli, bakkery en groente.
- Mr Price Home & Mr Price Apparel vir al u kwaliteit klerasie en mooi bykomstighede vir u huis.
- Twee drankwinkels vir al u drank behoeftes.
- Ultramoderne haarsalonne vir die dames.
- Die apteek lewer goeie diens vir baie jare.
- Wapensmid, verkoop van wapens, toets- en skietbaan.
- Materiaal: Beste kwaliteit
- Blomme & Biltongwinkel.
- Skoenwinkel & sportwinkel
- Mediese dokters
- Koffiekroeg
- Fisioterapeut
- Kunswinkel vir al u handwerk benodigdhede

***Parkering is geensins 'n probleem nie en is naby vir ons kliënte. In stede van êrens anders heen te gaan, kom na die vriendelike De Keur Sentrum.***



MOKGOPE consulting

**EIA: OPENBARE DEELNAME PROSES**
NEAS Verwysings No: DEA.EIA/0001558/2012
DEA Verwysings No: 14/12/16/3/3/2/439

**ONTVANGSBEPALING FASE: HELIOS TOT JUNO 765KV TRANSMISSIE KRAGLYNE EN SUBSTASIE OPGRADERING, NOORD - KAAP EN WES - KAAP PROVINSIES (Deel van die Kaapse gang te versterk fase 5)**

**Projek voorstel**: Voorstellended ontwikkeling van 'n 765kV transmissie krag lyn wat ongeveer 140km van die Helios substatsie na Juno substatsie loop asook die opgradeering van die Juno stasie.
**Plek:** Helios Substasie is gebaseer in die Hantam Plaaslike Munisipaliteit binne die grense van die Namakwa Distrik Munisipaliteit in die Noord - Kaap Provinsie. Juno Substasie is gebaseer in die Matzikama Plaaslike Munisipaliteit binne die grense van die Weskus Distrik Munisipaliteit in die Wes - Kaap Provinsie.
**Projek Aansoeker:** Eskom Holdings SOC Beperk
**Aansoek om omgewingsmagtiging om die volgende aktiwiteite te onderneem:**
EIA Aktiwiteite: Lys Kennisgewing 1: 22 (ii), 23 (ii), 24, 38 en 47; Lys Kennisgewing 2: 8 en Lys Kennisgewing 3: 3, 4, 9, 10, 14, 16, 19, 23 en 24 Government Notice No. R. 544, R. 545 en R 546.
**Geleentheid om deel te neem:**
Belanghebbende en Geaffektеerde Partye (I&AP's) word uitgenooi om geskrewe kommentaar te voorsien rakende die projek. Verwys asseblief na die relevante DEA verwysingsnommer en voorsien ons ook asseblief u naam, kontakbesonderhede (verkose metode van kennisgewing) en 'n aanduiding of u enige direkte besigheid, finansiële, persoonlike of ander belangstelling wat u het in hierdie aansoek aan die kontakpersoon, soos hieronder aangedui binne 40 dae van 30 Junie tot 8 Augustus 2014. Die Skets Omgewingings Impak Verslag sal beskikbaar wees vir hersiening vanaf 30 Junie 2014 in die biblioteke van die volgende stede: Vredendal en Loeriesfontein, sowel as op die Mokgope webwerf: (www.mokgope.co.za).
PUBLIEKE VERGADERINGS:

| Plek | Datum | Tyd |
|---|---|---|
| Gemeenskapsaal in Loeriesfontein | Woensdag 30 Julie 2014 | 11:00 |
| Matzikama Training Room 37 Kerk St, Vredendal | Vrydag 01 Augustus 2014 | 10:00 |

Indien u belangstel om 'n vergadering by te woon, kontak asseblief die persoon hieronder aangedui vir verdere inligting.
**Kontak:** Ms Judith Alford - Mokgope Consulting cc, Posbus 2363, Highlands North, Jhb, 2037.
**Tel:** 076 876 2672. **Fax:** 086 607 9481. **E-pos:** judy@mokgope.co.za
**Studie gedoen deur Mokgope Konsultante namens Eskom Holdings SOC Ltd**